

BEKENDSTELLING

Die Groenkloof-Rabies

Hiermee word bekend gemaak dat die boek oor die Rabie-gesin van *Groenkloof* buite Fauresmith nou beskikbaar is. Dit is 'n hardeband boek, gedruk op glanspapier met 296 bladsye en 240 foto's. Die verhaal wentel hoofsaaklik om die lewensloop van die gesinslede van Hans en Hester Rabie rondom 1900. Die gesin het 'n tradisie gehad om alle gebeure neer te skryf en sulke dokumente te bewaar. Hierdie kultuurskat vorm die basis van hul verhaal. Maar om dit 'n historiese perspektief te gee, is die geskiedenis van die voorafgaande geslagte ook nagevors en word dit as Reis Een tot Reis Vyf in 'n verteltrant aangebied. Toepaslike beeldmateriaal gee verdere definisie aan hierdie werklik kleurvolle geskiedenis.



Parallel aan die verskyning van die boek is die *Groenkloof-Rabies se Museum* onlangs voltooi. Dit word in die solder van Caledon Villa - die historiese woonhuis van die skrywer in Stellenbosch - aangebied en kan gerus per afspraak besoek word.



**Die boek word deur die skrywer verkoop en kos R550 [posgeld ingesluit]
Navrae aan : Johan Krige by 021 883 8912 of johan.krige@caledonvilla.co.za**
